



Kinders in Christus en Sonstraaltjies vir Jesus

Wat is die KIX-droom/-visie?

Die Kix-droom is dat daar in elke gemeenskap 'n KIX-groep is, hetsy by die kerk, skool, crèche of nasorg, waarin elke kind Jesus kan ontmoet en saam die Bybel kan leer ken.

- ◆ Ons ontmoet die Here
- ◆ Ons ontmoet mekaar
- ◆ Ons speel
- ◆ Ons sing
- ◆ Ons bid
- ◆ Ons wandel in die Woord
- ◆ Ons werskaf
- ◆ Ons reik uit in ons dorp
- ◆ Ons reik uit na kinders ver en wyd

Wie is KIX? Waar kom KIX vandaan?

KIX is die kinderbediening van die NGK en VGK. KIX was voorheen die Kinderkrans van die NG Kerk wat in 1914 gestig is om kinders bewus te maak van diensbaarheid en sendingwerk. In 2007 het die naam verander na KIX (Kinders in Christus). Ons werk ook nou saam met die VG Kerk se Kinderbond. Vanaf 2014 het leiers in die Kinderbond ook deel van KIX se Uitvoerende Komitee geword.

Kix is nou meer as net Kinderkransstakke. Die bediening is tans nie net in gemeentes nie, maar in skole, kleuterskole, nasorgsentrums, ens. Oral waar daar deure oopgaan om kinders te bedien, is daar gelowiges wat die geleentheid aangryp om kinders te begelei op hulle geloofsreis. KIX behou egter die primêre fokus van die ou Kinderkrans, naamlik om kinders Bybelstories te leer, hulle te help om op 'n prettige manier Jesus te leer ken, diensbaar te wees en 'n hart vir sending te ontwikkel.

Wie bestuur KIX?

KIX word bestuur deur 'n interkerklike Uitvoerende Komitee, maar funksioneer onder die Jeugkantoor van die Wes-Kaap Sinode wat deel vorm van die bedieningsgroep Gemeentebegeleiding met die naam Communitas.

Die UK-lede is aktiewe kinderwerkers van die NGK en VGK. Die span maak seker dat daar 'n kwartaalblad gepubliseer word met al die materiaal wat leiers nodig het (die Kix.Kom). Dit word op die internet gratis beskikbaar gestel, want ons droom is om dit vir alle kinders moontlik te maak om die Here te ontmoet. Die gedrukte weergawe word gepos aan gemeentes of persone wat daarvoor inteken.

Watter dinge het KIX oor die jare beïnvloed?

KIX het aan die begin voortgegaan op die tradisionele Kinderkrans-manier, maar ons het geleidelik onder die Gees se leiding aanpassings gemaak. Ons het besef:

- God is klaar in die wêreld teenwoordig – ons vat Hom nie soontoe nie.
- God nooi ons om Hom die wêreld in te volg.

- Ons help ons kinders om God te ontdek wat reeds in hul lewens aan die werk is.

Vanuit hierdie vertrekpunt volg:

- ◇ Ons gebruik die term “ontmoeting” i.p.v. “les”.
- ◇ Die 4 W's (Welkom, Wyding, Woord en Werskaf) word as raamwerk aanvaar om ontmoetings te struktureer.
- ◇ Wandel in die Woord word ons ideaal en wonderstellings kan dit “verkinderlik”.
- ◇ Ons ontdek die waarde van rituele.
- ◇ Ons raak opgewonde oor “Messy Church” en “Huis toe vat”-idees.

Ek het die KIX.KOM voor my. Wat is in elke uitgawe en hoe gebruik ek dit?

Uit die Jeugkantoor:

Elke kwartaal lig ds. Anriëtte de Ridder ons in oor die belangrikste nuus en planne in 'n kort brief.

Kix-pirasie:

Die Kix-pirasie volg met 'n inspirerende boodskap wat die leier met die ander groepleiers kan deel.

Bybel-ontmoetings:

Dit word gevolg deur ±6 ontmoetings en een of twee aanbiedinge vir die kerkjaar of feesdae.

Projekte:

Elke jaar stel die KIX-UK 'n projek voor in samewerking met die Kantoer vir Getuienisaksie. Dit word bid-dend gedoen en hier ervaar ons telkens hoe die Here ons perfek lei van jaar tot jaar.

2009	Meters vir Malingunde Kleuters	2010	Malingunde Maats
2011	KIX Kusamala (skool vir blindes in Mosambiek)	2012	Note vir Nigerië
2013	Veters projek (Nigerië)	2014	“Vertel! Vertel!”
2015	Zim ABC wat die Woord gee	2016	Otjiekos Projek
2017	KIX Koester Kinders	2018	Jesus vir Japan

In 2016 en 2017 het ons projek 'n sendingbeen en 'n plaaslike been gehad. Die sendingbeen stel die kinders bekend aan 'n nuwe land en taal, die omstandighede en die geskiedenis van die kerk in daardie land. Vir die plaaslike been is plaaslike behoeftes aangespreek.

Neem deel aan die projek. Deur die jaar word projeklesse en ander praktiese idees in die Kix.Kom gesit om inligting deur te gee oor die projek en om idees te deel vir insamelingsmetodes. Die helfte van die fondse wat julle insamel, word teen Desember elke jaar aan die Jeugkantoer gestuur vir die “ver” projek en die ander helfte gee julle self aan die plaaslike projek van jul keuse. Ons projek is ons formele en gestruktureerde “gestuurdheid”.

Hoe werk die kurrikulum?

In 2015 het ons begin om die Bybel chronologies deur te werk. In 2017 is hierdie “Groot Storie van God met die Mens” afgesluit met die Nuwe Testament. In 2018 het ons aan vreemde en “crazy” stories in die Bybel aandag gegee. In 2019 fokus ons weer op Jesus se lewe op aarde: sy dissipels, gelykenisse en wonderwerke. (Alle vorige materiaal is gratis op ons webtuistes beskikbaar.)

Al 2018 se materiaal is ook in Engels op die webtuistes beskikbaar.

Ontmoet vir Sparkie

Sparkie woon in 'n dorpie waar daar baie skatte is. Nie almal kan dit sien nie, maar hy is deel van 'n gemeenskap wat dit wéét. Sparkie is baie lief vir kinders en hy speel Sondagoggende skattejag met die kinders om hulle by hierdie geheim in te laat.

Maar die skattejag wil nie lekker werk nie. Baie kom net omdat hulle ouers sê hulle moet. Hierdie Saterdag doen Sparkie wat hy al dikwels gedoen het om die skattejag beter te maak. Hy loop die veld in, kies 'n stuk grond wat vir hom goed lyk, vat sy graaf en begin grawe totdat hy 'n skat kry. Daarna krap hy sy ontdekking weer toe en merk die plek.

Die volgende oggend daag almal op en hy loop met hulle tot waar hulle gaan speel. Nadat hy almal se aandag het, krap hy die skat oop en tel dit stadig en respekvol op sodat almal dit kan bewonder.

Maar dis hier waar Sparkie agterkom die speletjie werk nie so goed nie. Dis asof hierdie gewyde oomblik by hulle verbygaan. Hy wil graag hê hulle moet deelneem en saam met hom opgewonde wees. Maar hy kan nie uitwerk hoe om dit te doen nie. En dit is elke Sondag se storie. Nadat hy die skat wys, draai die kinders om en drentel weg en hy bly staan alleen met sy ontdekking.

Een Sondag bly daar egter een van die klein dogtertjies staan. En terwyl Sparkie teleurgesteld wegpak, vra die dogtertjie: "Oom, as ek my eie skat uitgrawe, mag ek dit dan huis toe vat?"

Die hele week kan Sparkie nie die woorde vergeet nie. Dis juis wat hy wil hê hulle moet doen – die skatte huis toe vat. Maar sy weet nie wat sy vra nie. Sy vra van hom om te vertrou dat daar altyd skatte is. Sy vra van hom om te waag, maar nog erger: sy vra van hom om beheer af te gee oor met watter skatte die kinders huis toe kan gaan. Hy besluit om te waag.

Die volgende Sondagoggend daag hy met 'n kruitgraaf vol grawe op. Hy wys 'n stuk grond uit, gee vir elke kind 'n graaf, staan terug en vertrou dat hulle elkeen hul eie skatte sal vind. Nie almal ontdek op hierdie Sondag skatte nie, maar hy is verbaas oor hoe baie die kinders die speletjie geniet. Miskien is net die speel van die speletjie ook die moeite werd.

[Dis 'n jaar later]

Sondagoggende se skattejag lyk heeltemal anders. Sodra almal op die stuk grond is wat hy gekies het, verduidelik hy weer die spelreëls: grawe teen jou eie spoed; hou jou oë oop vir jou skat; vier dit as iemand iets kry. Dan loop hy met die kinders oor die stuk grond. Hy help almal om aan die gang te kom. Vir party breek hy die harde kors, vir ander sorg hy dat hulle 'n plekkie kry en ander prys hy vir hulle goeie vordering. Skattejag maak hom glad nie meer moeg nie - om die waarheid te sê, dis een van die hoogtepunte van sy week.

Want Sparkie het 'n ontdekking gemaak: **skatte laat hulleself vind.**

(Erkenning vir die storie van Sparkie aan NOUS.)

Die realiteit vandag is dat kinders **kreatief betrokke** wil wees. Hulle wil nie hê daar moet vir hulle gepreek word nie. Jy moet hul belangstelling wek en dan moet jy die kinders toelaat om self te "soek".

Vandag is die belangrikste om "connected" te wees. Dis daarom baie belangrik om die kinders te help om met die Here wat by ons is, te "connect". Wat die beste vir kinders werk, is stilte. Stilte help met die konneksie. Die kinders het dan 'n behoefte daaraan om self te soek en te ontdek. By KIX worstel ons ook met die vraag oor hoe ons die beste gebruik kan maak van ons tyd om kinders te begelei om in 'n ver-

houding met God te leef. Ons droom vir elke geleentheid is dat dit 'n ontmoeting met God en 'n ontmoeting met mekaar sal wees; dat kinders die Here sal "hoor" en dat ons ook na mekaar sal luister.

Hoe lyk 'n ontmoeting?

Ons gebruik die 4 W's as raamwerk vir hierdie ontmoetings. Die 4 W's staan vir: Welkom, Wyding, Woord en Werskaf.



WELKOM

Ons begin elke byeenkoms met dinge wat 'n kind sal laat **welkom** voel. En wat is nou beter as om met hulle 'n speletjie te speel? Aksies, speletjies en liedjies help ook om van energie en spanning ontslae te raak en 'n atmosfeer te skep waar hulle voel "ek behoort". U sal sien dat elke byeenkoms begin met 'n speletjie wat sover moontlik aansluit by die Bybelverhaal van die dag. Speletjies bou positiewe verhoudings tussen volwassenes en kinders en tussen die kinders onderling. Hierdie positiewe omgewing en ervaring help kinders om God se teenwoordigheid makliker te beleef.



WYDING

Tweedens wil ons 'n tyd van **wyding** skep waar die kinders op God se goedheid kan reageer deur sang, stilword-rituele en gebed. Ons gebruik stilword-rituele sodat kinders geleentheid kry om dit te leer ken en sodoende stilword kan inoefen. (Kinders hou van die veiligheid van rituele.) Wanneer ons bid, wil ons ook graag 'n geleentheid skep waar ons verskeie aspekte van gebed aanspreek. Kinders moenie die ervaring kry dat gebed net oor asseblief en dankie gaan en altyd dieselfde is nie.



WOORD

Derdens moet die **Woord** van God deur die Bybelgedeelte as verhaal weer aan die orde gestel word.

Wat behels Wandel in die Woord?

- Lees
- Nadenke
- Bid
- Rus/leef
- Verhaaltjie ter illustrasie

Die verhale word kindervriendelik aangebied. Ons stel voor dat julle uit die Bybel self voorlees. Ons het soms die gedeelte in verhaalvorm oorgeskryf. Jy kan jou voorbereiding in A5-formaat in jou Bybel plaas sodat die kinders heeltyd bewus is daarvan dat dit 'n Bybelverhaal is. Lees slegs die verhaal. Moenie 'n boodskappie of lessie vir die kinders bring nie. Jy is daar om 'n **omgewing te skep** waar die kinders self deur die Bybelverhaal aangespreek sal word. (Vertrou die Woord.)

Om op 'n kinderlike manier te "Wandel in die Woord", maak ons gebruik van "wonderstellings". **Wonderstellings** help die kinders om self te ontdek waar hulle staan met die Here wat teenwoordig is en om dit te kan verwoord. Ons preek nie, ons help die kinders om elkeen te ontdek wat die Here deur Sy Gees vir hulle wil leer. Elke kind ontdek self hoe die Bybel sy/haar lewe raak.

Wat behels die Wonderstellings?

- ◇ Ek wonder wie sou jy in die verhaal wou wees.
- ◇ Ek wonder of daar 'n gedeelte van die verhaal is wat jy sou wou uitlaat sonder om die verhaal te ver-

ander.

- ◇ Ek wonder hoe jy dit sou gaan leef.
- ◇ Ek wonder waar sien jy dit in die wêreld. / Ek wonder waar sien jy so iets in die wêreld.
- ◇ Vertel 'n storie waar jy gesien het dat... (Verwys na die storie.)
- ◇ Vertel 'n storie waar jy of iemand anders... (Verwys na die storie.)

Net iets oor die stellings:

Dit is belangrik dat die stellings in die volgorde gebruik word soos dit aan u gegee word. Die rede daarvoor is dat dit die kind help om dieper in die verhaal in te gaan. As u die stellings aan die orde stel, moet dit eg wees. U wonder saam met die kinders. U is nie daar om 'n antwoord te gee nie, maar om saam met die kinders te ontdek wat God vir hulle in gedagte het. Gee vir hulle tyd om te dink. Hulle is nie gewoond daaraan dat hulle 'n opinie gegun word as dit by die Bybel kom nie. Help die kinders om die verhaal hulle eie te maak. In 'n groot groep kan die stellings net rustig gestel word. Die kinders dink dan daaroor na.



WERSKAF

Die manier hoe hulle hul konneksie met God konkreet maak, is die **werskaftyd**. Daar is 'n altyd 'n paar handwerkaktiwiteite ("crafts") om van te kies. Dit vra van ons meer voorbereiding omdat ons nie net een aktiwiteit kies nie, maar opsies aan die kinders stel waaruit hulle kan kies. Laat hulle toe om ook binne hulleself te weskaf.

- ◆ Ons gee die kind geleentheid om God ook in die weskaf te ontmoet.
- ◆ Aktiwiteite bevestig die boodskap.
- ◆ Artikels wat die kinders gemaak het, word huis toe geneem as herinnering en getuienis.

Watter aanbiedingsmetodes gebruik KIX?

Daar word van verskillende hulpmiddels gebruik gemaak om Bybelverhale aan te bied. Dit sluit in: sandboksse, besempoppe, vilt- en magneetborde, vertellings, toneeltjies en poppekas.

Besempoppe:

Om besems, verestoffers of 'n mop te gebruik om Bybelstories op te voer, is een van die effektiwste maniere om die hele gehoor te betrek. Die deelnemers hoef nie vooraf te oefen nie. Die gehoor word deel van die opvoering deur die agtergrondklanke te verskaf. Hulle reageer deur die regte bewegings en klanke te maak. Die teks bevat sleutelwoorde waarvoor die deelnemers en gehoor moet oplet. Hulle reageer dan daarop met klankeffekte. Daarom word almal (verteller, poppe-hanteerders en die gehoor) aktiewe deelnemers in die verhaal. As 'n mens eers die basiese besems/moppe/verestoffers het, kan die karak-



ters maklik verander word deur bv. die kleredrag te vervang.

Vilt- en magneetborde:

Om viltborde te gebruik, is 'n maklike manier om kinders aktief by 'n Bybelstorie te betrek. Viltborde kan maklik self gemaak word.

- ◆ Indien 'n stewige karton met vilt oorgetrek word, kan 'n staander gebruik word om dit regop in neer te sit. Terwyl die storie vertel word, kan die bord regop gehou word sodat almal dit kan sien. Wanneer die kinders agterna die storie self uitspeel, kan die bord plat neergesit word. Die figure is dan minder geneig om af te val en dan kan die kinders makliker daarmee speel.



- ◆ 'n Moderne weergawe is 'n koekieplaat! Dan moet jy natuurlik sorg dat daar aan elke prentjie 'n stukkie magneet vas is.

Figure om te gebruik op borde:

'n Mens kry soms viltfigure te koop. Andersins is daar baie maniere waarop jy jou eie kan maak:

Kopieer prente op manilla-karton en kleur dit in of druk gekleurde prente op manilla-karton uit. Daarna kan dit gelamineer word om langer te hou, maar dis nie noodsaaklik nie.

Daar is 'n keuse oor die manier waarop jy die figure op die flenniebord wil laat vassit:

- ◆ Plak 'n stukkie vilt agterop die figuur wat effens kleiner as die figuur is;
- ◆ Plak "double-sided tape" agterop vas;
- ◆ Plak stukkie "velcro" (die vasgryp-kant) agterop die figure vas;
- ◆ Plak magnete vas as jy 'n koekieplaat gaan gebruik.

Eksperimenteer en besluit wat vir jou die beste gaan werk. As jy "double-sided tape" gebruik, sorg vir stewige plastiek waarop jy dit kan vasplak wanneer die figure nie op die flenniebord is nie, anders plak die

prente aan mekaar vas.

Sandboksse:

'n Mens moenie die waarde van 'n eenvoudige sandboks onderskat nie. 'n Mens kan 'n hele Bybelverhaal so in die sandboks "uitspeel" dat die kinders voel of hulle sommer deel is van die verhaal. Die lekkerste is natuurlik dat hulle na die tyd weer die hele verhaal self kan "uitspeel".

Gebruik 'n groot, plat kartonboks of 'n groot



plastiekhouer vir katsand en maak dit vol sagte see- of bousand of selfs braai-mieliepap. Of gooi 'n laken of ander stuk lap oor 'n tafel, gooi sand daarop uit en speel die storie daarop af of speel net so op die lap. Sorg dan dat jou figuurtjies maklik kan staan. Geboue in die Bybelse tyd was eenvoudig met reguit lyne en plat dakke. Gebruik boksies wat jy met papier oortrek of kopieer die geboue wat voorsien word saam met party ontmoetings op manilla karton, knip uit en plak vas met wondergom (tydelik) of kouelym (permanent).

Figure om in sandbokse te gebruik:

Kopieer Bybelfigure op manilla-karton, kleur dit in (of druk gekleurde prente op karton), knip dit uit en plak op roomsysstokkies sodat hulle in die sand kan staan. Gebruik leë toiletrolletjies om Bybelse karakters te maak wat baie maklik in die sand gebruik kan word.

('n Handleiding met heelwat meer inligting hieroor kan van ons webtuistes afgelaai word.)

Wie is die skrywers van die lesmateriaal?

Anriette de Ridder: Predikant in Sinodale Diens by die Jeugkantoor

Pauline Matthee: Redaktrise en grafiese kunstenaar van Kix.Kom

Erika Esterhuizen

Elana Kellerman

Sulet Brümmer

Annelet Slazus

Frieda Oncker

Colleen van Eeden

Annatjie Enslin

Etienne Snyman

Santie Nel

Ander medewerkers soos nodig

Wie is die teikenmark van KIX?

Ons bedien voorskoolse en laerskoolkinders (tot ongeveer 12 jaar).

Wie kan 'n KIX-groep stig?

Enige persoon wat Jesus en kinders liefhet. Kry ondersteuning by jou plaaslike gemeente / leraar.

As jy 'n groot groep wil begin, moet jy ook 'n groot span vrywillige leiers hê.

Waar kan 'n mens dit stig?

By 'n laerskool, nasorg, crèche, dagsorg, kerk (middae), kategeese (Sondae), ens.

Hoe lyk 'n KIX-groep?

Dit kan 'n groepie van 5-10 kinders wees wat saam met 'n leier bymekaar kom. Dit kan ook 'n groep van 300 kinders wees wat in kleiner groepe verdeel word, elk met 'n leier. Daar sal dan 'n aanbieder wees wat van voor af aanbied. Die groepleiers sal verantwoordelik wees vir die besprekings, toepassing, handwerkaktiwiteit en gebed in die kleiner groepies. Groepleiers kan ook uit ouer kinders / tieners bestaan wat goed begelei word.

Hoe werk die leierskap van 'n KIX-groep?

Daar kan 'n organiseerder wees wat seker maak die administrasie, logistiek, finansies, voorbereiding, ens. is in plek. Die persoon kan ook verantwoordelik wees vir die welstand van die groepleiers. Die aanbieder is die persoon wat die ontmoeting van voor af fasiliteer vir die groot groep. Dit kan 'n ander persoon wees, of dieselfde persoon wees as die organiseerder. Kleingroepleiers sou ook om die beurt hierdie rol kon vervul. Kleingroepleiers is verantwoordelik vir 'n klein groep kinders en moet met hulle verhoudings bou en 'n gedeelte van die ontmoeting fasiliteer in die klein groep. Kleingroepleiers is veral belangrik as daar 'n

ouderdomsverspreiding is, want hulle moet seker maak die groep word op hulle "vlak" bedien.

Hoe kan KIX-materiaal nog gebruik word?

Die KIX-materiaal bied baie idees vir kindermomente, skole, saalopeninge, asook vir gesinne of omgee-groepe wat geestelike aktiwiteite met hul kinders wil doen. Die programme sou ook aangepas kon word vir kampe of kategese.

Wat is die koste? Hoe werk die finansies?

Enigiemand kan op die Kix.Kom inteken @ R128 per jaar (in 2019) vir die jaar se 4 uitgawes. Gemeentes of individue kan @R100 per jaar inteken om elke kwartaal se materiaal elektronies te ontvang nog voordat die gedrukte uitgawes beskikbaar is. Die vorige jare se materiaal kan gratis van die internet afgelaai word, asook ekstra hulpmiddels en video's.

Daar is ook 'n vrywillige donasie wat gegee kan word vir die ontwikkelingskoste van die materiaal.

Die projekgeld van elke KIX-groep word ook aan die Jeugkantoor gestuur, maar hierdie fondse word alles direk aan die projek van die jaar uitbetaal.

Waarheen kan ons inbetaal?

JEUG

Nedbank

Rek no: 1135 900 264

Takkode: 123 209

Wat is op die internet? En wat is die skakels?

Lesmateriaal, video's, inspirasielesse, kerkjaarlesse, projekinligting, ens. kan gratis afgelaai word vanaf een van die volgende webtuistes:

www.kixkinders.co.za

www.communitas.co.za/category/taakspanne/jeug/kix-kom/

Wie kan ek kontak vir meer inligting?

Algemene navrae oor KIX:

Maryke Fourie (sekretaresse) by die Jeugkantoor op Stellenbosch

021 808 9050

jeug@sun.ac.za

Jeugkantoor, Posbus 3322, Matieland, 7535

Navrae oor die inhoud van Kix.Kom en materiaal op die webtuistes:

Pauline Matthee: 044 272 3356 of 084 593 0700

paulinematthee@webmail.co.za

